BEGELEIDING VAN GEESTELIKE LEIERS WAT GOD SE KUDDE VERSORG

AUGUSTUS 2014 Nr 46

IN DIE SKADU VAN 'N "SHEPHERD'S TREE"

"Carpe Diem" of "Salve Diem"

"Carpe Diem" is een van die baie bekende motiveringsleuses van ons dag. *Gryp die dag*, beteken dat jy die beste van vandag sal maak, gewoonlik met jou eie sterflikheid in gedagte. Die onderliggende gedagte is, dat ons die vermoë het om dié dag te bemeester.

John Ortberg meen dat persone in die bediening soms uit hoofde van arrogansie of naïwiteit dit selfs op die bediening van toepassing maak en in sy mees ekstreme vorm: "Carpe Ecclesia" – *gryp die kerk/gemeente.* Kry elke dag die meeste uit die lewe, kan dus word, kry elke dag die meeste uit die kerk, met ander woorde, beheer en bemeester die prosesse binne gemeentes en verkry die uitkomste wat ek bepaal, deur eenvoudig dit te oefen en te herhaal vanuit my wil en bevoegdhede!

Die wonder van om elke nuwe dag te "omhels" bring egter 'n dieper dimensie aan hóé ons ons dae deurbring. Ortberg meen daar is 'n groot verskil. Dit word gebore uit 'n diep nederigheid – ek is vir die dag gemaak en die dag nie vir my nie. Dit is om die *gawe* van 'n nuwe dag te verstaan..., dat om die son te sien opkom, nie beteken dat ek dit sal sien ondergaan nie. Daarom is ek in diens van elke nuwe dag en "besit" ek dit nie.

Vir 'n bedienaar van die Woord is elke dag nog 'n dag in die bediening, 'n dag waarin ek liefde kan gee, die Bybel kan bestudeer, as geestelike leier my volgelinge kan leer en begelei met geduld en vreugde. Waarin ek my nietigheid besef, my sondes bely en kan vra vir krag.

Ek verstaan dat wanneer mens jonk en ambisieus is, 'n "Carpe Diem" ingesteldheid aanloklik lyk en ons met groot energie, elke dag wil beheer en die beste daaruit wil haal. Helaas is nie een van hierdie dae deur ons gemaak nie. Dit bly 'n geskenk. Een op 'n keer. Ek kan myself daaraan oorgee. Met groot dankbaarheid omhels. Dit vul met geloof, hoop en afhanklikheid van dié Een wat dit gee.

Ek kan dit vul met God.

Salve Diem...

Tot ons volgende saamsit in Sy koelte...
Gerhard Botha

VBO-VOETPAD

15 – 17 SEPTEMBER 2014:
KURSUS IN BEDIENINGSVERNUWING:
Module 2: Oor Gemeentes deel van die probleem, of deel van die antwoord?
Aanbieder: Prof Kobus Schoeman
VBO-punte: 20 per module
Registrasie: SMS D25674, u naam en e-posadres na 31029
Sodra ons u naam ontvang het, stuur ons vir u die registrasiebesonderhede.

20 AUGUSTUS 2014:
Tema: *Reading our context, responding with ministerial practise and ecclesiological thinking.*
Aanbieder: Henk van den Bosch
Plek: Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein
VBO-punte: 5
Registrasie: SMS D49256 en u naam na 31029

25 AUGUSTUS 2014:
Tema: Bediening te midde van geweld, misdaad en moord.
Aanbieder: Dr Anette Prins
Plek: Petrus Steyn
VBO-punte: 5
Registrasie: SMS D14952 en u naam na 31029

WOENSDAG 3 SEPTEMBER 2014: DR RICHARD BLACKABY IN BLOEMFONTEIN
Tema: *Spiritual Leadership*
Plek: NG Gemeente Pellissier - Vlakfonteinlaan 6, Pellissier
Tyd: 10:30 – 15:30
Koste: R150pp - betaalbaar by Pellissier
VBO-punte: 5
Registrasie: SMS D26166, u naam en e-posadres na 31029

22 SEPTEMBER 2014: Kategese: Die *Smartie*boksie van die kerk
Aanbieder sal nog bekend gemaak word.
Plek: Bloemfontein
VBO-punte: 5
Registrasie: SMS D57282 en u naam na 31029

1 – 3 OKTOBER 2014: *FRESH EXPRESSIONS*
Sameroeper: Nico Mostert
Plek: Bergville; **VBO-punte:** 20
Verdere inligting sal later bekend gemaak word.

Like ons op Facebook:
Shepherd Centre UFS
NB: Die nuutste VBO-inligting word ook op Facebook geplaas.

Fakulteit Teologie UV, *Shepherd* Direkteur: Dr GP (Gerhard) Botha, Programbestuurder: Marina Oberholzer Tel: 051- 401 3995 Epos: shepherd@ufs.ac.za